VOERMOL SKAAPAFRONDKORRELS

Klas: Skaapafrondvoedsel

VOERMOL SKAAPAFRONDKORRELS is ’n volledige voer vir die voerkraalafronding van lammers:

– bevat die nodige minerale, spoorminerale asook Vitamien A vir optimale produksie;
– bevat ’n ionofoor en ander medikamente om prestasie en doeltreffendheid te verbeter.

SAMESTELLING VAN VOERMOL SKAAPAFRONDKORRELS

REG NR V12796 (Wet 36/1947)

		(g/kg)		(mg/kg)
Ruproteïen*	(min)	140	Mangaan	40
Ureum	(maks)	10	Koper	9
Ruvesel	(maks)	150	Kobalt	0.15
Vog	(maks)	120	Yster	75
Kalsium	(maks)	10	Jodium	0.6
Fosfor	(min)	3	Sink	50
Vet	(min)	25	Selenium	0.16
Magnesium	(min)	2		
Swael	(min)	1.5	Vitamien A (IE/kg)	4000
			Energie (MJ ME/kg)	10.2
*28.1 % afkomstig vanaf NPN			Bevat medikamente	

Verpakking – 50 kg

Sien ureumwaarskuwing

VOEDINGSINSTRUKSIES

Voermol Skaapafrondkorrels is ’n volledige voer en moet *ad lib.* gevoer word. Voer addisionele hooi tydens die eerste sowat 14 dae van aanpassing.

VOERMOL

UREUMWAARSKUWING

UREUM
Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

– gebruik lekke volgens voorskrif;
– beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
– voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
– tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
– voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
– moenie dat die lek natreën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING
Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is ’n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer ’n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so ’n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg ’n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. ’n Konstante daaglikse voerinname voorkom vergiftiging.
- Voordat ’n NPN-bevattende lek gevoer word, moet ’n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING
Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.

VOERMOL